

Die 65 km roete:

Die roete kan beskryf word as drie dele, sirkels of seksies:

Eerste sirkel: A,B,C,D,E,F,A,G

Van die dorp afgaan die roete oor die ou staal brug en dan onderdeur die Welkom pad by die Spur brug. Na die Spur brug kry ryers hulle eerste voorskakie van single track. Ons ry deur die plaas Mooifontein tot by die Welkom teerpad. Vanjaar ry ons op "jeep track" langs die teerpad en nie op die teerpad nie. Ons draai na ongeveer 2 km links by Slangfontein (C) en geniet 'n paar km se vinnige Jeep track. Van hier gaan ons oor die twee *exciting river crossings* D en E. Tussen die twee *river crossings* gaan die roete oor "Clarence." Lekker single track wag hierna op die ryers. "Bunch Breaker" is 'n langerige opdraande tot jy die "Boulders" koppie kry en doen hierna die "Skerpioen." Nog 'n paar km *Jeep track* tot by die Senwes Waterpunt. Van hier is daar lekker vloeiende *single track* tot weer terug oor die staalbrug. Op die deel van die roete is daar onder andere die "Beeg Dipper" en "Slip a Slide" Terug in die dorp draai die roete weg in 'n westelike rigting. Na die eerste sirkel het ryers ongeveer 28 km voltooi.

Tweede deel: G tot M

Van die dorp af is daar nog meer vloeiende en *exciting single track*.

"Spiderman's Nest" is twee houtbruggies reg onder die treinspoor. Dan is daar nog *single track* tot by "Fyndraai." Net na "Little Dipper" arriveer deelnemers by die tweede Waterpunt waar die 12 km roete regs uitdraai.

Die *single track* raak meer tegniese en "Prellerpark" en "Heartrate Hill" is 'n lekker verrassing.

Na "Heartrate Hill" draai die roete regs by "PWC" se houtbrug (J) en gaan 'n km later oor die Groep 14 grondpad. Die "N1" is 'n lekker vinnige *descent* van ongeveer 1 km tot aan die onderkant van die "Koppie". Hier draai die roete weer terug en die beroemde "Liebs Koppie" is die mees tegniese deel op die roete en is 'n uitdaging vir man en masjien.

Derde sirkel: M tot weer terug by K,L,R en Start / Finish

Deelnemers kry na die koppie kans om asem te skep vir die volgende 7 of 8 km en ry geleidelike opdraande op Jeep Track in 'n noordelike rigting tot by (N.)

Hierna draai die deelnemers regs by O op die Groep 14 pad vir 2 km en draai dan links na die 2 Riviere samekoms. (Vals en Vaal Riviere) Hier kan ryers die derde waterpunt verwag.

Nou volg 9 km se wonderlike *single track* op die walle van die Vaal rivier tussen Wag 'n Bietjie en Soetdoringbome. Ongeveer 5 houtbruggies maak die deel van die roete nog meer interessant.

Ryers bevind hulle later weer by "PWC" houtbrug en doen vir 'n tweede keer die "N1"

Die keer hoef ryers gelukkig nie weer die koppie te doen nie en gaan terug na die eindstreep.

Die 40 km roete:

Die roete kan beskryf word in twee "sirkels" of seksies:

Eerste sirkel: A,B,C,D,E,F,A,G (Selfde as die 65 km se eerste deel)

Van die dorp af gaan die roete oor die ou staal brug en dan onderdeur die Welkom pad by die Spur brug. Na die Spur brug kry ryers hulle eerste voorskakie van single track. Ons ry deur die plaas Mooifontein tot by die Welkom teerpad. Vanjaar ry ons op "jeep track" langs die teerpad en nie op die teerpad nie. Ons draai na ongeveer 2 km links by Slangfontein (C) en geniet 'n paar km se vinnige Jeep track. Van hier gaan ons oor die twee *exciting river crossings* D en E. Tussen die twee *river crossings* gaan die roete oor "Clarence." Lekker single track wag hierna op die ryers. "Bunch Breaker" is 'n langerige opdraande tot

jy die “Boulders” koppie kry en doen ons die “Skerpioen.” Nog ’n paar km *Jeep track* tot by die Senwes Waterpunt. Van hier is daar lekker vloeiende *single track* tot weer terug oor die staalbrug. Op die deel van die roete is daar onder andere die “Beeg Dipper” en “Slip a Slide” Terug in die dorp draai die roete weg in ’n westelike rigting. Na die eerste sirkel het ryers ongeveer 28 km voltooi.

Tweede sirkel: G tot L,R terug na Start / Finish

Van die dorp af is daar nog meer vloeiende en *exciting single track*.

“Spiderman’s Nest” is twee houtbruggies reg onder die treinspoor. Dan is daar nog *single track* tot by “Fyndraai.” Net na “Little Dipper” arriveer deelnemers by die tweede Waterpunt waar die 12 km roete regs uitdraai.

Die *single track* raak meer tegniese en “Prellerpark” en “Heartrate Hill” is ’n lekker verrassing.

Na “Heartrate Hill” draai die roete regs by “PWC” se houtbruggie (J) en gaan ’n km later oor die Groep 14 grondpad. Die “N1” is ’n lekker vinnige *descent* van ongeveer 1 km tot aan die onderkant van die “Koppie”. Hier (L) los die 40 km die 65 km ryers om die koppie te doen en gaan self terug na die eindstreep ongeveer 4 km verder.

Die 25 km roete:

A,F,A - G,H,I op wit roete terug na die begin.

Hierdie jaar is die 25 km roete aangepas om meer “single track” in te sluit.

Van die dorp af gaan die roete oor die ou staal brug en dan onderdeur die Welkom pad by die Spur brug. Na die Spur brug kry ryers hulle eerste voorskakel van *single track*. Ons ry deur die plaas Mooifontein en draai links weg van die 65/40 km roete en volg die blou roete. Ryers doen ’n paar km se *Jeep track* tot by die Senwes Waterpunt. Van hier is daar lekker vloeiende *single track* tot weer terug oor die staalbrug. Op die deel van die roete is daar onder andere die “Beeg Dipper” en “Slip a Slide” Terug in die dorp draai die roete weg in ’n westelike rigting. Ryers is nou ongeveer halfpad op die 25 km roete. Vir die nie so ervare ryer is daar ’n paar “tegniese plekke” wat met versigtigheid aangepak moet word. Daar is twee hout bruggies waarvan die tweede een “Spidermans’s Nest” is, dit is reg onder die treinspoor. Nog *single track* volg tot by “Fyndraai” en “Little Dipper”

’n Paar km later is jy by die 25km roete se tweede waterpunt. Nou is daar ongeveer 4 km terug na die begin.

Die 12 km roete:

G,H,I,L,R en terug Start/ Finish

Van die begin af na ongeveer 800m bevind die deelnemers hulle op *exciting single track*. Vir die nie so ervare ryer is daar ’n paar “tegniese plekke” wat met versigtigheid aangepak moet word. Daar is twee hout bruggies waarvan die tweede een Spidermans’s Nest is, dit is reg onder die treinspoor. Nog *single track* volg tot by *Fyndraai* en *Little Dipper*.

’n Paar km later draai deelnemers regs oor die “Sedibeng Water” bruggie en gaan ’n km later oor die Groep 14 pad. Nou is dit so 4 km se *Jeep Track* terug tot by die beginpunt.

HIERDIE IS VOORWAAR ’n UNIEKE ROETE EN DIE ORGANISEERDERS HET BAIE URE SE INGESIT OM VAN DIE ROETE ’n ON VERGEETLIKE ERVARING TE MAAK EN IS ’n MOET VIR ELKE MTB’ER.